

Maandag 21 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 1:16-18

Fokusgedeelte: Jakobus 1:16-18

Hoe is dit alles moontlik?

Hoe is dit alles moontlik? Die louter vreugde in beproewing, die volharding van die ge-loof deur pynlike ervarings heen, die geestelike rypheid, die vreugde van die arme dat hy die besondere sorg van die Here mag geniet, die vreugde van die ryke dat hy by al sy rykdom nog steeds van God afhanklik is. Hoe is dit moontlik om deur versoeking en be-proewing te kan volhard om die ewige lewe as genadeloon te ontvang? Hoe is dit moontlik om “nee” te sê vir my sondige begeertes?

Dit kom van die Vader wat dit gee. Waarom gee Hy dit? Dit is sy *wil* om dit te gee. In sy verborge raad en in sy uitverkiesende liefde was dit God se wil dat daar lewensvernuwing vir jou moet wees. Hoe het Hy dit gegee? Deur ons deur die woord van die waarheid tot die lewe te bring. Dit is God se wil dat sondaars wat in hulle sonde dood is, tot die lewe gebring moet word deur die verkondiging van die woord van waarheid (dit is die evan-gelie). Deur hierdie evangelie bewerk die Heilige Gees nuwe lewe. Só ontvang God se kinders die genade om met groot vreugde te volhard wanneer daar beproewings en ver-soekings oor hulle pad kom, en word hulle die eersteling van God se herskeppingswerk.

Omdat God jou deur die Woord van die waarheid en die kragvolle werking van die Heilige Gees herskep – weergebore laat word het – het jy die verantwoordelikheid om met vreugde in beproewing én versoeking in die goeie te volhard ... kan jy die geloofspieke bereik. Kan jy volhard omdat jy God liefhet. Ontvang jy uiteindelik die onverwelklike le-wenskroon as 'n genadeloon!

Sing: Psalm 119-1:26

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)